# 15 Januarie 2024 - Lesing 214 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

Die Ligstraling van die son – 3/8/61

**No: 7956** Die genade van die ontvangs van My woord verseker julle ook van My beskerming en julle hoef nie te vrees dat julle ten prooi sal val aan dwaling nie, **omdat Ek julle verlange na waarheid ken en julle geen foutiewe onderrig sal laat toekom nie,** ofskoon julle voortdurend deur kragte van die duisternis omgewe word, wat die lig, wat van bo kom, sou wil vertroebel of uitdoof. Maar teenoor die lig wat hulle teenstraal, is hulle magteloos, hulle ontvlug dit omdat hulle die uitgangspunt daarvan herken.

Maar hulle sal steeds weer probeer om julle gedagtes te verwar, wat Ek egter steeds korrek sal rig, omdat dit julle taak is om My te dien in My wingerd en **dus die waarheid uit te brei wat Ek Self aan julle van bo af stuur**, **omdat julle mense haar nodig het vir julle rypwording.** Net Ek alleen kan julle korrek onderrig en so ook die wesens van die lig waardeur dieselfde stroom van liefdeslig vloei wat van My af uitgaan en wat daarom steeds net dieselfde lig kan uitstraal wat hulle van My Self in ontvangs neem om dit te laat binnestraal in die duisternis.

En dus mag julle sonder om te twyfel alles aanneem wat van bo kom. Julle sal egter moet weet dat dit moeilik is om geheime van die skepping aan julle te onthul, solank julle nog heeltemal onkundig daarin is. Want die **wette van die natuur** ken julle nie om ook op hoogte te wees van die uitwerking daarvan en nog minder is julle op hoogte van die **goddelik-geestelike wette.**

Julle is nie op hoogte van die ligbronne in die heelal wat 'n suiwer geestelike oorsprong het en wat tog vir aardse oë duidelik sigbaar is nie. En daarom kan daar ook geen verstaanbare verklaring aan julle gegee word óf en wanneer die sonstrale 'n vermindering van hulle stralingskrag ondergaan nie; óf en wanneer die stralingskrag heeltemal opgehef is nie. Menslike berekeninge is nie korrek nie, ofskoon **sogenaamde bewyse** poog om dit te regverdig.

Die stralingsbereik van die son is ook begrens, omdat dit 'n **geestelike ligstroom is** wat **onderbreek word waar die wetmatige ordening nie nagekom word nie**, waarop die grondbeginsel van die ewige orde 'n werksaamheid uitskakel, wat julle mense in julle beperkte toestand nie sal kan insien en begryp nie.

Geestelike prosesse in die kosmos sal steeds beantwoord aan die aardse of duidelik sigbare prosesse, **want alles hou ten nouste verband met mekaar**.

En so ook sou daar vir die straledeurdringing van die son, geen hindernisse of beperkinge wees nie, as dit nie deur **'n sekere weerstand van die nog onvolmaakte geestelike**, waaruit die hemelliggame in die heelal min of meer uit bestaan, die lig of straalingskrag verminder of verhinder sou word nie.

Dog die gesteldheid van die hemelliggame vind juis hulle oorsprong in die samestelling van onryp geestelike substansies en **die graad van hulle voltooiing bepaal ook die graad van hoe hulle bestraal word,** om welke rede meer voltooide geskape hemelliggame self strale uitstuur, omdat die lig uit die Oerbron tot hulle kan kom **sonder om weerstand te ondervind** en dus kan die ligbronne **ook weer lig kan uitstraal**. Dus kan ook elke donker hemelliggaam aangestraal word en dit word ook bestraal in eweredigheid met die waarborge wat vir die "lewe" op die hemelliggame moet geld. Maar 'n voortdurende bestraling sou eerder die lewe in gevaar bring, daarom moet ook hierdie bestraling aan grense gebonde wees, **wat die wisseling van dag en nag geestelik verklaar**.

Tog kan alle prosesse in die kosmos aards verklaar word, maar daar moet 'n sekere voorwaarde aanwesig wees om dit te kan begryp. Die mense moet weet dat alle hemelliggame in die bereik van 'n son ook die lig hiervan opneem, maar steeds op 'n hiervoor uitgelegde manier, dat dit steeds slegs die nodige lig om te lewe en te bestaan, passend by die geestelike gesteldheid van die bewoners daarvan, toestraal en dat hierdie liguitstraling soms ook deur bewoners van ander hemelliggame gesien kan word.

Maar geensins verhinder of beperk 'n hemelliggaam, 'n ster, wat bestraal word van 'n ander, soos wat julle mense dit julle voorstel nie, want elke ster is vir die son in dieselfde verhouding toeganklik, **maar die aanstraling daarvan word deur die hemelliggaam self bepaal,** wat dus die geestelike gesteldheid van sy substansie kenmerk. **Want die sonlig is geestelike uitstraling,** die son is 'n ster wat self lig gee, wat **voortdurend deur die Bron van die Oerkrag van die lig gevoed word en die krag- en ligstroom voortdurend deurgee.** Sy is wel aan die uitspansel sigbaar en tog al 'n skepping van geestelike aard, **waar die voltooide geestelike werksaam is** met die instandhouding van die skeppingswerke wat in die bereik van hierdie son geleë is.

**Geestelike straling deurdring nou alles**, ook alle materie, maar onderbreek haar werksaamheid waar 'n **weerstand** homself voordoen, soos welke materie dan ook te bestempel is.

Maar hierdie substansie sou die aanstraling nooit kan verhinder of teëhou om weer ander hemelliggame te tref nie, waarom dit 'n foutiewe begrip is dat 'n hemelliggaam as skadu vir 'n ander blyk te wees.

Maar wette bestaan volgens goddelike orde en hierdie wette sal ook ewig bly bestaan **solank daar nog 'n materiële skepping bestaan.** En indien dit maar moontlik is, sal Ek julle mense ook daarvan in kennis stel, wanneer die rypheid van julle siel dit toelaat en wanneer Ek dit vir julle en julle siel as heilsaam ag. Amein.